

Hou op sê ons moet ons seëninge tel

“Ons moet ons seëninge tel.” Ken jy hierdie uitdrukking? Gebruik jy dit ook? Wel, **hou op!** Ja, jy het reg geles. Hou net op. Dit help niks jy sê dit gedurig en **jy doen dit nie.**

Loop tel jou seëninge 'n slag. **Gaan doen dit net.** O ja, tel hulle sommer **een vir een.** Dan sal jy baie gou agterkom die Here oorlaai jou met so baie seëninge dat jy nie genoeg tyd het om hulle almal op die naam te noem nie.

Nuwe seëning kom net te vinnig. Hou ook op om jouself met ander mense te vergelyk wat swaarder as jyself kry, net om daarna te sê jy moet dankbaar wees want dinge kon erger gewees het. **Moenie sulke dinge sê nie.** Jy leef nie in ander mense se skoene nie. Jy weet nie wat hulle deurgaang nie. Jou swaarkry is joune en hulle swaarkry is hulle s'n.

Sê jy maar net elke dag vir **die Here dankie** vir elke skewe snytjie brood op jou tafel, en vir elke stukkies gesondheid. Bid ook vir ander wat swaarkry sonder om jou situasie met hulle s'n te vergelyk. **Dan leef jy reg.**

deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

- Bid asb vir Janine Vorster–dit gaan glad nie goed met haar
- Bid asb vir gebroke huwelike; verslawings & depressielyers
- Bid asb vir Eskom & sy werkers in die moeilike tye
- Bid asb vir eenheid & herlewing in ons dorp & land
- Bid asb vir al die verslaafdes vir volle genesing
- Bid vir Lottie Conradie – sy het MS en kry baie swaar
- Bid asb vir Marié Deysel – sy het kanker
- Bid asb vir Maria Steyn vir volle genesing
- Bid asb vir Anet Beckman – sy het kanker
- Bid asb vir Oom Sampie Swart – hy is baie siek
- Bid asb vir Isak & Anna Mofokeng – beide is ernstig siek
- Bid asb vir Ria Putter vir volle genesing
- Bid vir Gert & Magriet du Plooy-albei is ernstig siek
- Bid asb vir Louise van Zyl-sy het 'n groot rugoperasie gehad
- Bid asb vir Marinda Jordaan-sy gaan vir 'n rugoperasie
- Bid asb vir Gert Schoeman & familie-met die afsterwe van Susan (eggenoot en moeder)
- Bid asb vir Babsie Brink & familie met die afsterwe van haar sussie

Dank Gebede


- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- Ons is lief vir U!



A meaningful life
is not being rich, being
popular, being highly
educated, or being perfect.
It's about being real, being
humble, being able to share
ourselves and
touch the lives
of others.

Gedagte vir die week

YOU
GET
WHAT
YOU
GIVE



“We are what we
repeatedly do.
Excellence then, is not
an act, but a habit.”
-- Aristotle

Onthou om te onthou . . .

Datum	“Topic”	Plek
07 Jul 2019	Doop	VP Kerk